

I. INLEIDING

1. PROBLEEMSTELLING EN HISTORIOGRAFIESE POSISIONERING

Die herdenking van die Geloofte van 1838 het aanleiding gegee tot die oudste van al die Afrikaner se historiese feeste.¹ Deur die jare is daar waarskynlik al meer oor die viering van 16 Desember, as oor enige ander Suid-Afrikaanse vakansiedag geskryf, gedebatteer en gefilosofeer. Daar is diegene wat die onderwerp as holrug gery beskou, maar huis omdat dit meer as ‘n eeu en ‘n half lank so ‘n prominente of selfs kontroversiële onderwerp bly, is dit nodig om die gebeure rondom die datum voortdurend aan nuwe ondersoek en waardebepaling te onderwerp. Sodoende kan die werklike betekenis en implikasie van die Geloofte en die nakoming daarvan in die eietydse situasie belang word.²

Daar is geen tekort aan ongepubliseerde en gepubliseerde inligting oor die Slag van Bloedrivier en die Geloofte van 1838 nie. In ‘n navorsingsverslag wat in 2002 hieroor voltooi is, is byvoorbeeld meer as vyfhonderd-en-twintig artikels in periodieke publikasies geïdentifiseer wat dit direk of indirek as onderwerp het.³ Die vier monografieë wat die nuttigste inligting oor die ontstaan en nakoming van die Geloofte bevat, is waarskynlik D.W. Krüger se *Die viering van Dingaansdag 1838-1910* wat ongeveer in 1938 verskyn het, *Geloftedag* wat in 1961 uit die pen van M.J. Swart verskyn het, *Ons Volksfeeste* wat P.H. Kapp in 1975 as deel van die reeks genaamd *Die Afrikaner en sy kultuur* onder redaksie van P.W. Grobbelaar gepubliseer het, asook W. Marais se *Geloftedag en die toekoms van die Afrikaner* van 1996. Die eerste drie publikasies handel spesifiek oor die wyse waarop die Geloofte nagekom is. Krüger en Swart het die vierings vanaf 1838 in chronologiese volgorde behandel, terwyl Kapp dit meer tematies bespreek het. Al drie auteurs het die indruk geskep dat weinig vierings tussen 1838 en 1910 plaasgevind het. Verder het hulle hoofsaaklik op die grootste byeenkomste gekonsentreer wat in dié tydperk gehou is, byvoorbeeld Paardekraal se Staatsfeeste van 1881, 1886, 1891 en 1896, asook die begrafnis van oud-pres. S.J.P. (Paul) Kruger (1825-1904) in 1904.⁴ Aandag is sporadies aan wetgewing rondom die viering van 16 Desember verleen, maar oor minder

¹ S.D. Snijman en S.L. Barnard, Gedagtes oor Geloftedag, *Acta Theologica* 12(2), Desember 1992, p. 113.

² P.H. Kapp, Ons volksfeeste, in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur III*, p. 97.

³ A. Bailey, *Geloftedagvierings in Suid-Afrika, 1910 tot 1994*, Ongepubliseerde verslag, U.P., 2002, pp. 618-634.

⁴ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 444.

prominente of gedesentraliseerde feesvierings, die ontstaan van feesgebruiken en die persepsies oor die betekenis van die Gelofte in die jare voor 1911 is min vertel. Marais se werk is nie veronderstel om ‘n historiografiese ontleding van die Gelofte te wees nie. Dit is geskryf as ondersoek na die betekenis van die Gelofte vir die Afrikaner in die onmiddellike post-apartheid bestel. Dit bevat egter ‘n beknopte chronologiese weergawe van hoe die Gelofte sedert die ontstaan daarvan herdenk is. Ongelukkig kom foute ook daarin voor, wat deur die jare gereeld deur oueurs gemaak is, byvoorbeeld dat die Vrystaatse Owerheid 16 Desember eers in 1903 (in plaas van 1894) tot openbare vakansiedag geproklameer het.⁵ Ten einde bogenoemde hiate aan te vul, foute te korrigeer en jarelange argumente rondom die ontstaan van die Gelofte te ondersoek, was ‘n studie van die onderwerp tot die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 noodsaaklik.

Primêre navorsing in dié verband het die persepsie dat die Gelofte tussen 1838 en 1910 op ‘n baie beperkte skaal gevier is, duidelik verkeerd bewys. Sogenaamde Dingaansdaggebruiken wat algemeen met vierings van die twintigste eeu geassosieer word, het dikwels al in die negentiende eeu beslag gekry. Betekenisse wat in die twintigste eeu aan die Gelofte geheg is, is insgelyks reeds in negentiende-eeuse uitsprake daaroor te vind. Navorsing oor die herdenking van die Gelofte in die eerste twee-en-sewentig jaar van die bestaan daarvan, sal hopelik kan lei tot ‘n dieper insig oor die redes waarom hierdie herdenkings sedert 1838 so ‘n vername rol inveral die Afrikaner se kultuurlewe speel en ook verduidelik hoe die vierings tot die hedendaagse programme ontwikkel het. Die vele bronne wat deur die jare bepaalde standpunte oor die ontstaan en betekenis van die Gelofte herhaal het, is bewys daarvan dat aanvegbare en verkeerde persepsies daaroor nog nie final ter ruste gelê is nie en dat sekere vrae daaromheen waarskynlik nooit ten volle beantwoord sal kan word nie.

Dit is essensieel vir ‘n intellektuele gemeenskap om die historiese, estetiese, filosofiese en kulturele dimensies van sy bestaan deurentyd na te vors en te interpreteer,⁶ wat presies is wat met die studie nagestreef word.

⁵ Republiek van die O.V.S., *O.V.S. wetten 1892-1898*, p. 46; W. Marais, *Geloftedag en die toekoms van die Afrikaner*, p. 13.

⁶ C. Malan, Viool en voorlaaier: Kultuurstudie in ‘n Rome wat brand, *EKUS-reeks I*, p. 8.

2. METODIEK

Ten einde die inligting wat oor herdenkings van die Geloofte van 1838 beskikbaar is, sinvol te rangskik, word dit hoofsaaklik chronologies weergegee. Dit sal bydra om die ontwikkelingslyn van byeenkomste aan te toon.

‘n Besonder talryke hoeveelheid bronne is oor die Groot Trek beskikbaar. Dit sluit mondelinge en skriftelike oorleweringe van Trekkers — byvoorbeeld die dagboek van eerw. Erasmus Smit (1778-1863)⁷, hulle nageslag en anderskleurige waarnemers van die Trek in, asook biografieë van prominente Trekkers en monografieë oor die Trek in die algemeen. Soveel van hierdie bronne as moontlik is geraadpleeg tydens die aanvanklike studie wat die skryf van hierdie mini-verhandeling voorafgegaan het. Aangesien die tema van die studie tot die betekenis en viering van die Geloofte van 1838 tot 1910 beperk is, is met ‘n bondige oorsig van die Groot Trek en Slag van Bloedrivier uit betroubare sekondêre bronne volstaan. In die bronnelys word ook slegs verwys na werke wat direk in die verhandeling aangehaal word of spesifiek noodsaaklike agtergrondinligting oor die tema voorsien het.

Die kontroversie omtrent besonderhede van die Slag van Bloedrivier word in die volgende hoofstuk met verwysing na heelwat bronne genoem. Hiermee word aangedui dat die debat oor die Slag en Geloofte reeds dekades lank gevoer word. Die doel met hierdie studie is nie om aan te toon watter standpunte meer of minder aanvaarbaar is nie, maar bloot om te wys op die verskillende interpretasies wat deur die jare aan die bekende historiese feite gekoppel is. Noueurige navorsers soos G.S. Preller, F.J. du Toit Spies, C.J. Uys, M.J. Swart, C.F.J. Muller, F.A. van Jaarsveld, B.J. Liebenberg en H.B. Thom, om net enkeles te noem, het almal na die klein hoeveelheid beskikbare primêre bronne oor die Slag teruggegaan, dit aan interne en eksterne kritiek onderwerp en tot gevolgtrekkings gekom wat nie noodwendig ooreenstem nie. Die feit is dat alle primêre bronne oor die onderwerp gebreke het en dat onbetwisbare antwoorde waarskynlik nooit op die vrae gevind kan word nie. Om dié rede het die Geloofte ook deur die jare verskillende betekenisse vir verskillende mense verkry en het uiteenlopende feestradisies daaromheen ontwikkel, soos aangedui sal word.

⁷ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 728.

Tydens die navorsing is verskeie primêre bronne, mediaberigte en -verslae geraadpleeg. Laasgenoemde gee die tydgenootlike perspektief en belewing van herdenkings treffend weer. Dit vernietig ook die valse persepsie dat die nakoming van die Gelofte vir sowat sewentig jaar na die aflegging daarvan grotendeels verwaarloos is.

Omdat koerante tydens, of pas na die gebeure waaroor berig word, verskyn en aan die aandag van die breë publiek blootgestel word, kan hulle as nuttige bronne beskou word. Tog moet die navorsing die subjektiwiteit van die pers in gedagte hou en inligting wat uit hierdie publikasies verkry word, met ander tydgenootlike bronne vergelyk. ‘n Deeglike kennis van die reputasie van die onderskeie koerante dra tot ‘n objektiewe beoordeling daarvan by.⁸

Daar is gepoog om beide Afrikaanse en Engelse dagblaaie te raadpleeg. Die taak is bemoeilik deur die feit dat talle uitgawes van die koerante ontbreek of op mikrofilms beskikbaar is wat bykans onleesbaar is. ‘n Voorbeeld hiervan is die mikrofilm van eksemplare van die dagblad *The Star* wat in Desember 1910 verskyn het. Dit is in 1998 in die Nasionale Biblioteek in Pretoria geraadpleeg en was moeilik leesbaar. Toe dit in 2002 weer gebruik is om besonderhede van verwysings te kontroleer, kon die berigte nie meer ontsyfer word nie. ‘n Verdere frustrasie is dat slegs opskrifte in enkele publikasies (byvoorbeeld *The Star* van 1903 en 1908) duidelik was, wat bewys het dat daar wel oor herdenkings geskryf is, maar die teks van die berigte kon net nie gelees word nie. Die toestand van die films is kommerwekkend en die vraag kan gevra word of hierdie bronne oor ‘n eeu nog vir navorsers bruikbaar sal wees.

Soos reeds vermeld, is die herdenking van die Gelofte ‘n emosionele saak, wat beteken dat sekondêre bronne ook streng aan interne en eksterne kritiek onderwerp moes word. Haas elke skrywer het iewers ‘n opinie probeer lug oor hoe 16 Desember na sy of haar mening gevier moes word. Gelukkig was die meeste van die idees op tydperke na 1911 van toepassing en kon die feite oor 1838 tot 1910 se herdenkings betreklik maklik uitgesif word.

Weens die omvang van beskikbare materiaal en die beperkte aard van hierdie skripsie, is besluit om van geen foto’s, sketse, kaarte of ander beeldmateriaal gebruik te maak nie. Dit op sigself is ‘n studie werd en word aan toekomstige navorsers oorgelaat.

⁸

L. Gottschalk, *Understanding history. A primer of historical method*, pp. 96-98.

Enkele tydskrifte, byvoorbeeld *Handhaaf* en *Die Hervormer*, se volumenommers is dikwels foutief. Daar is sover moontlik by die volgorde van volumenommers gehou wat van die ontstaan van sulke tydskrifte af gebruik is. Verder is die datums van geraadpleegde uitgawes deeglik gekontroleer, sodat dit as vernaamste leidraad vir die heropsporing van hierdie bronne kan dien.

Vanaf 1994 is tale Suid-Afrikaanse plekname amptelik verander. Aangesien hierdie verslag veral met die tydperk voor 1911 gemoeid is, is daar ter wille van eenvormigheid en duidelikheid by die ou plekname gehou.

3. WOORDOMSKRYWINGS

a. Afrikaner

Die naam Afrikaner of sy sekondêre vorm Afrikaander, is ongeveer drie eeue oud. Die begripsinhoud en gevoelswaarde daarvan het met die verloop van tyd en onder wisselende omstandighede baie verander. Die nasiebewustheid van die Afrikaner het veral in die twintigste eeu ‘n onberekenbare groot rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel. Tog is dit uiterst moeilik om ‘n bevredigende, inklusiewe en eksklusiewe definisie van Afrikaner as spesifieke volksnaam te gee.⁹ Deur die jare is die vraag wie die Afrikaner is, dikwels ondersoek, sonder dat ‘n bevredigende gevolgtrekking bereik is.¹⁰ Die FAK se definisie lui dat ‘n Afrikaner enige persoon is wat hom of haar met die Afrikaanse taal en kultuur identifiseer.¹¹

Die mees algemene betekenis van Afrikaner verwys spesifiek na die blanke Afrikaanssprekende, hoewel stapte vanaf ongeveer 1960 geneem is om anderskleurige Afrikaanssprekendes daarby in te sluit. Wanneer historici die term Afrikanernasionalisme gebruik, verwys dit gewoonlik slegs na die nasionalisme van blanke Afrikaanssprekendes.¹²

⁹ J. du P. Scholtz, *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*, pp. 119-120; *Beeld*, 1999-03-23 (Skrywers beswaard oor Afrikaner-debat), p. 2.

¹⁰ F.A. van Jaarsveld, Die Groot Trek in die historiese bewussyn van die Afrikaners, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988*, p. 101.

¹¹ D. Prinsloo, Toespraak: Geloftedag/Versoeningsdag, Geloftedagfees, Silverton (Pretoria), 1996-12-16, p. 19.

¹² J.C. Steyn, *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938*, p. 15.

Vir die doel van hierdie verslag word gebruik gemaak van die definisie wat die Afrikanervolk omskryf as dié gedeelte van die blanke gemeenskap wat Afrikaans as moedertaal het, wat die Afrikaanse geskiedenis as hulle eie geskiedenis beleef, wat vir hulle die Afrikaanse kultuur as hulle eie kultuur toe-eien en wat ander gelykgesinde en gelykgestemde landsgenote as hulle volksgenote aanvaar.¹³ Die meerderheid Afrikaners kan as Christene met ‘n Calvinistiese agtergrond beskou word.¹⁴

Dit is interessant dat daar juis dikwels by Gelofteherdenkings gefilosofeer word oor wie en wat die Afrikaner is. Op 16 Desember 1995 het ds. I.L. de Villiers (voormalige redakteur van *Rapport*) byvoorbeeld by Bloedrivier verklaar: “[Afrikaners] is mense wat Afrikaans praat máár ten diepste in hul hart voel: Ek, as alles van my afgestroop is, is ‘n Afrikaner. Ek vereenselwig my met dit wat my van ander volke onderskei. Dit maak nie saak wat my afkoms of kleur is nie. As ek diep en mistiek in my hart voel ‘Ek is ‘n Afrikaner’, is ek een en klaar.”¹⁵

b. Gelofte

Die eerste verwysings na plegtige ooreenkomste wat met die hedendaagse geloftes, ede en verbonde ooreenstem, word by die Sumeriese beskawing in die derde millennium voor Christus aangetref. Dit het in die Midde-Ooste ontwikkel as wyses waarop verhoudings tussen sosiale of politieke teenstanders gereguleer kon word.¹⁶

In hierdie studie word spesifiek na ‘n gelofte met ‘n Bybelse agtergrond verwys. Die woord vir gelofte wat meesal in die Ou Testament gebruik word, naamlik “nedè” of “nèdèr”, is verwant aan die woord wat “afgesonder” en “gewy” beteken. Die tweede woord wat vir gelofte gebruik word, is “issár” wat van die Hebreeuse stamwoord kom wat “om te bind” beteken. Sodanige wydingsbindings kom op vele plekke in die Ou en Nuwe Testament ter sprake.¹⁷ ‘n Gelofte kan dus beskryf word as ‘n verbintenis van die siel¹⁸ — ‘n plegtige belofte aan God waardeur die aflegger homself, onder

¹³

P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 10.

¹⁴

Die Burger, 1989-10-25 (Wie is die Afrikaner?), p. 11.

¹⁵

I.L. de Villiers as quoted by R.H. du Pré, Paper: “One nation, many Afrikaners”: The identity crisis of “brown” Afrikaners in post-Apartheid South Africa, and its implications for nation-building, Conference of the Afrikanerbond, Tygerberg, 1996-06-07, p. 13.

¹⁶

Anonymous, *Microsoft Encarta 96 Encyclopedia CD-Rom*, keyword: Covenant (Theology).

¹⁷

P.A. Verhoef, Wat is ‘n gelofte?, *Handhaaf* 12(3), November 1974, pp. 14-19.

¹⁸

J.M.C. van den Berg, Die kerk in die huis: Ons beloftes [sic] betaal, *Die Kerkbode* 89(2), 1962-01-10, p. 41.

aanroeping van God, hoorbaar of in die stilte van sy hart, plegtig verbind om iets te doen of na te laat. Dit is nie ‘n verdienstelike werk waardeur gepoog word om die Here se guns te wen nie, maar kan wel as ‘n tipe selfdissipline beskou word.¹⁹ Die Rooms-Katolieke en Protestantse leer stem saam dat slegs beloof kan word wat die Here behaag en wat tot die algemene welsyn van mens en God sal strek.²⁰ Indien Hy beskik wat in die gelofte gevra word, is dit uit genade en nie omdat daar enige verpligting op Hom rus nie. Juis omdat Hy die versoek van die gelofte vrywillig verhoor, moet dit getrou nagekom word.²¹ Die Bybel bevat talle waarskuwings teen die verbreking van geloftes.²² ‘n Gelofte moet ook ‘n pedagogiese element bevat — dit moet lei tot dank en boetvaardigheid aan God.²³

Die oorsprong van die Trekkers se Gelofte van 1838 is in die geskrifte van die Nederlandse Protestant en theologiese skrywer, Wilhelmus à Brakel (1635-1711) te vindé. Hy het ‘n gelofte beskryf as ‘n verbintenis met God om ‘n goeie saak wat binne die vermoë van die aflegger is, uit eie vrye wil te doen of te laat uit dankbaarheid of ter bevordering van die aflegger se geestelike welstand. Dit mag volgens hom in ‘n noedsituasie afgelê word om God se hulp te vra.²⁴

Aangesien die Trekkers se gebed tot God op die dae voor die Slag van Bloedrivier (16 Desember 1838) al bogenoemde elemente bevat, kan dit as ‘n egte gelofte beskou word. In die studie sal daarna as die Gelofte (met ‘n hoofletter) verwys word om dit van ander geloftes en ooreenkomste te onderskei.

c. Die dag 16 Desember

Ongeveer ‘n week voor die Slag van Bloedrivier (16 Desember 1838) is ‘n gelofte deur die Trekkerkommando onder leiding van hoofkommandant A.W.J. (Andries) Pretorius (1798-1853) aan God afgelê. Dit het behels dat die afleggers die Here versoek het om in die

¹⁹ F.J.M. Potgieter, *Geloftedag*, *Handhaaf* 8(3), November 1970, p. 2.

²⁰ C.J. Mans, Die draagkrag van die Geloftes van 1838 en 1880, *Hervormde Teologiese Studies* 22(4), 1966, pp. 105-109.

²¹ J.A. Heyns, Die sin van Geloftedag, *Geloftedag* (5), 1957, p. 27.

²² J.M.C. van den Berg, Die kerk in die huis: Ons beloftes [sic] betaal, *Die Kerkbode* 89(2), 1962-01-10, p. 41.

²³ D.H. Groenewald, *Geloftedagprediking*, B.D.-skripsie, U.P., 1973, p. 25.

²⁴ Persoonlike inligting: N. Sarkady, Argivaris, Nederduitsch Hervormde Kerkargief, Posbus 5777, Pretoria, 2001-04-24; E. Büchner en P. Strauss, “‘n Dankdag soos ‘n sabbat” – die Ned Geref Kerk en die gelofte van 1838 [sic], *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 34(3), September 1993, pp. 301-303.

komende slag teen die leer van die Zulukoning Dingane (c.1795-1840) te beskik dat die Trekkers die oorwinning behaal. Die kommandoolede het plegtig belowe dat indien die Here die gebed sou verhoor, hulle die dag van die oorwinning elke jaar as dankdag aan God sou wy, ‘n kerk tot Sy eer (waar dit Hom behaag) sou oprig en die geskiedenis van die gebeure aan hulle nageslag sou verhaal. Dit alles sou uitsluitlik geskied om die Here se Naam te verheerlik en die eer van die oorwinning aan Hom alleen te gee.

Op Sondag 16 Desember 1838 is die oorwinning wel deur die Trekkers behaal. In die dekades wat gevolg het, is die dag op uiteenlopende wyses en onder verskillende benamings in Suider-Afrika herdenk, ten einde die Geloofte na te kom. In 1910 is dit die eerste keer amptelik in die Unie van Suid-Afrika onder die benaming Dingaansdag gevier.²⁵ Die naam verwys na Dingane en het oorspronklik te kenne gegee dat sy tirannie op die dag tot ‘n einde gekom het.²⁶ Daar was verskeie besware teen hierdie benaming en vanaf 1952 is dit na Geloftedag verander.²⁷ Op 27 April 1994 het die eerste demokratiese Suid-Afrikaanse verkiesing plaasgevind. Die Regering het die nasionale vakansiedae vervolgens hersien ten einde alle volksgroepe se behoeftes in ag te neem en een van die besluite wat hieruit voortgespruit het, is dat 16 Desember vanaf 1995 as Versoeningsdag bekendstaan.²⁸

Vir die doel van hierdie studie sal die dag Dingaansdag genoem word, soos dit uitsluitlik tussen 1838 en 1910 bekend was.

d. Trekkers

Die Groot Trek (1834-1840) was ‘n massa-emigrasie deur ‘n georganiseerde groep van ongeveer vyftienduisend inwoners van die Kaapkolonie. Hulle het meestal bestaan uit Afrikanergrensboere uit die oostelike distrikte van die kolonie en hulle het op vasgestelde tye onder aanvoering van verskillende leiers na die binneland van Suider-Afrika weggetrek. Hulle

²⁵ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, pp. 194, 559-560; M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 5-6, 46.

²⁶ B. Spoelstra, Kan Geloftedag oorlewe?, *Instituut vir Reformatoriese Studiestukke F1(180)*, p. 12.

²⁷ Unie van Suid-Afrika, *Wette van die Unie van Suid-Afrika 1952*, pp. 36, 38.

²⁸ K. Malan en J. du Plessis, Verby is die dae van die super-Afrikaner ... maar dis nie tyd vir sak en as nie, *Insig*, September 1994, p. 26; Republiek van Suid-Afrika, *Wette van die Republiek van Suid-Afrika geklassifiseer en geannoteer van 1910 af XXIX – Sondae en Openbare Vakansiedae*, pp. 6, 22.

ideaal was om nie weer na die Kaapkolonie terug te keer nie, maar in die binneland ‘n eie staat en samelewing tot stand te bring.

Die Trekkers het hulself nie Voortrekkers genoem nie. Laasgenoemde benaming is eers vanaf ongeveer 1880 gebruik.²⁹ In hierdie studie sal dus hoofsaaklik na hulle as die Trekkers verwys word.

e. Volksfeeste

‘n Fees wat gemeenskaplik aan ‘n bepaalde volk is, kan heidens of Christelik van oorsprong wees. Dit mag op ‘n voorvaderlike erfenis berus en aan ‘n tradisie of ritueel gekoppel wees. Sommige feeste vereis aktiewe deelname van die volk, maar dit hoef nie noodwendig vrolik van aard te wees nie. Dit weerspieël die gebondenheid van die individu aan sy volk, land of gemeenskap en het selde ‘n kommersiële doel. Feeste ter herinnering aan historiese gebeure of persone is ‘n moderne fase in die ontwikkeling van volksfeeste. Sulke vierings word dikwels as nasionale feeste getypeer omdat hulle in verband met die militêre, politieke, kulturele of nasionaal-godsdiestige lewe van die volk staan.

Anders as Europeërs wat ‘n lang heidense voorgeschiedenis het, was die meeste van die Afrikaner se voorvaders reeds ten tye van die volkswording Protestantse Christene. Dit gee aan sy volksfeeste ‘n geaardheid wat van Europese feeste verskil. Anders as in die stamlande, is die karakter daarvan nugter en sober en weerspieël dit as sodanig die Afrikaner se volksaard.³⁰ Vir die lede van die volk het dit ‘n kulturele, politieke en godsdiestige betekenis. Dit gee uiting aan hulle nasionale bewussyn en strewe. Die viering daarvan is dus nie bloot die handhawing van ‘n tradisie net om die tradisie, soos wat dikwels in Europa die geval is, nie.

Die Afrikaner se feeste kan ingedeel word in historiese, godsdiestig-kerklike, spontane, gesins-, seisoens- en arbeidsfeeste. Dingaansdag kan beide as ‘n historiese en godsdiestig-kerklike fees getypeer word. ‘n Voorbeeld van ‘n spontane fees is die byeenkoms wat in 1939

²⁹ J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 127; J.C. Pretorius (red.), *Op trek. Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*, p. 12.

³⁰ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, pp. 4, 7-8, 45.

by die Voortrekkermonument in Pretoria met die hereniging van die Afrikanerparty plaasgevind het. Gesinsfeeste bestaan onder meer uit verjaarsdae en huwelike, terwyl die Kaapse druiwefeste ‘n goeie voorbeeld van seisoens- en arbeidsfeeste is.³¹

Sodra die funksionaliteit of aktualiteitswaarde van ‘n volksfees verdwyn, gaan die drang om dit te vier ook verlore. Die entoesiasme wat vir feesvierings geld, weerspieël dus dikwels ook die politieke toestand van die tyd. In die geval van die Afrikaner is dit des te meer die geval omdat kultuur en politiek in die oë van die volk so dig verweef is.³² Daar word beweer dat die Afrikaner eers sal ophou om sy volksfeeste te vier wanneer sy wil om voort te bestaan vernietig is. Veral in tye van geestelike of fisiese nood en bedreigings kry volksfeeste opnuut aktualiteitswaarde.³³

Vir baie jare is Dingaansdag as die Afrikaner se enigste egte volksfees beskou. Dit is dus die oudste en bes gevestigde volksfees in Suid-Afrika. Die invloed wat dit op alle lewensterreine van die Afrikaner uitgeoefen het, het bewys hoe ‘n belangrike rol volksfeeste kán speel. Dit het die viering van alle ander volksfeeste ingrypend beïnvloed en is ook daarom intensiewe bestudering werd.³⁴

³¹ P.H. Kapp, Die Afrikaanse Volksfeeste, in F.J.N. Harman (red.), *Ons vir jou Suid-Afrika*, pp. 61-65.

³² P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 44.

³³ O.J.O. Ferreira, Vooronderzoek vir die bepaling van ‘n kultuurstrategie vir die Afrikaner, p. 39.

³⁴ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, pp. 45, 46.